AFRIKAANS

GRATIS

# ANTWOORDGIDS

## Soweto se spookspeurders

Onderrigmateriaal deur Anneke Butler en Corné Erasmus




MARIANNA BRANDT

EERSTE ADDISIONELE TAAL
NKABV GOEDGEKEUR
GRAAD 7

OXFORD letterkunde vir suider-afrika

# ANTWOORDGIDS

# Soweto se spookspeuders

Graad 7 Eerste Addisionele Taal

Anneke Butler
Corné Erasmus

OXFORD
UNIVERSITY PRESS
SOUTHERN AFRICA

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk.

Vasco Boulevard, Goodwood, Kaapstad, Republiek van Suid-Afrika
Posbus 12119, N1-stad, 7463, Kaapstad, Republiek van Suid-Afrika

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. is 'n filiaal van
Oxford University Press, Great Clarendonstraat, Oxford OX2 6DP.

Die Press, 'n departement van die Universiteit van Oxford, bevorder die Universiteit se doelwit van voortreflikheid in navorsing, vakkundigheid en onderrig deur wêreldwyd te publiseer in

Oxford New York

Auckland Dar es Salaam Hongkong Kaapstad Karatsji
Koeala Loempoer Madrid Melbourne Mexikostad Nairobi
Nieu-Delhi Shanghai Taipei Toronto

Met kantore in

Argentinië Brasilië Chili Frankryk Griekeland Guatemala Hongarye
Italië Japan Die Oekraïne Oostenryk Pole Portugal Singapoer Suid-Korea
Switserland Tsjeggiese Republiek Turkye Viëtnam

Oxford is 'n geregistreerde handelsmerk van Oxford University Press
in die Verenigde Koninkryk en sekere ander lande.

Gepubliseer in Suid-Afrika
deur Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk., Kaapstad

**Soweto se spookspeurders Antwoordgids**
978 0 199 04433 7

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2013

Die morele regte van die skrywers word gehandhaaf.
Databasisregte Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. (skepper)

Eerste uitgawe 2013

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder dat skriftelike verlof vooraf van Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. verkry is, gereproduseer of in 'n stelsel vir inligtingsbewaring geberg word of op enige wyse weergegee word nie, tensy soos uitdruklik deur die wet toegelaat, of kragtens ooreenkoms met die geskikte organisasie vir reprografikaregte. Rig enige navrae ten opsigte van reproduksie benewens bogenoemde aan
Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk., by die adres bo.

Hierdie boek mag nie in enige ander gebonde vorm of met enige ander omslag gesirkuleer word nie, en dieselfde voorwaarde moet op enige aanskaffer geplaas word.

Uitgewer: Rudi MR Venter
Besturende redakteur: Zanri Kritzinger
Redakteur: Kobus Geldenhuys & Haidee Kruger
Omslagontwerper: Samantha Rowles & Judith Cross
Omslagillustreerder: Yvonne Robinson

Geset in 10.5 pt op 11 pt Times New Roman deur Zanri Kritzinger

# Inhoud

**Voorgestelde antwoorde vir aktiwiteite** (per hoofstuk)

Hoofstuk 1: Ouma Beauty se gastehuis................. 1

Hoofstuk 2: Die steenkoolwerf.............................. 3

Hoofstuk 3: Die Good Boys sjebien...................... 5

Hoofstuk 4: Lifa ..................................................... 7

Hoofstuk 5: Agter tralies ....................................... 9

Hoofstuk 6: Lucas Luthuli se geheim.................... 11

Hoofstuk 7: Die groot brand.................................. 13

Hoofstuk 8: Rus sag, Jabu Mabhongo................... 15

**Assesseringsriglyne vir kontekstuele vrae**

Voorgestelde antwoorde vir Formele assessering . 18

# Voorgestelde antwoorde vir aktiwiteite

Gebruik die voorgestelde antwoorde in hierdie afdeling as memorandum vir die aktiwiteite om leerders te assesseer. Die antwoorde is per hoofstuk en volgens die leesproses (pre-lees, tydens lees en post-lees) georganiseer. Die antwoorde dien as riglyn vir assessering. Laat altyd ruimte vir leerders se eie interpretasie toe en moedig leerders aan om self die teks te interpreteer en hul antwoorde uit die teks te motiveer.

# Hoofstuk 1: Ouma Beauty se gastehuis

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Ouma Beauty se gastehuis is waarskynlik in Soweto.
- Die titel, *Soweto se spookspeurders*, voorspel dat dit dalk in die gastehuis gaan spook.
- Die deurskynende figuur op die bed lyk soos ’n spook wat aan die een seun verskyn.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Die verteller in hierdie verhaal is ’n alomteenwoordige of derdepersoonsverteller.

2 Die twee hoofkarakters in die verhaal is Cicelo en Benjamin.

3 Ouma Beauty hekel graag voor die televisie.

4 Die verkeerde antwoord is (C): Toe Cicelo wakker skrik van iets wat swaar op sy voete is, het hy gewonder ... of dit dalk Benjamin kan wees.

5 Jabu is met ’n mes doodgesteek.

6 Joseph Nkomo sit in die tronk vir sy moord.

7 Lucas Luthuli het in werklikheid vir Jabu vermoor.

8 Jabu vra vir Cicelo om die regte skuldige vir sy moord aan te keer.

9 Jabu spook al vier jaar lank.

10 Leerders se eie gedagtes.

# Hoofstuk 2: Die steenkoolwerf

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Die neefs gaan eerste na die steenkoolwerf toe omdat hulle weet die vermoorde man het een gehad.
- Die illustrasie wys vyf seuns by 'n steenkoolwerf. Twee van hulle is heel moontlik Cicelo en Benjamin wat hier kom speurwerk doen. Die ander drie seuns lyk baie verwaarloos. Die steenkoolwerf self lyk ook verwaarloos.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in 'n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Toe die neefs by die steenkoolwerf aankom, sien hulle eerste twee geroeste perdekarre en 'n maer bruin perd.

2 Die een seun dra stukkende tekkies en 'n vuil ou baadjie met 'n swart mus in die sak. Sy gesig is baie vuil. Die

ander seun dra ’n trui waaraan hy sy neus afvee. Die derde seun is die oudste, en sy naam is Buzwe.

3 Buzwe en sy maats laai steenkool by die steenkoolwerf.

4 Lifa het vir Lucas Luthuli gaan steenkool aflaai en nooit weer teruggekom nie. Hy het saam met die perd en perdekar verdwyn.

5 Karakter en beskrywing:

| | |
|---|---|
| 5.1 | E |
| 5.2 | C |
| 5.3 | B |
| 5.4 | J |
| 5.5 | A |
| 5.6 | G |
| 5.7 | H |
| 5.8 | D |
| 5.9 | I |
| 5.10 | F |
| 5.11 | L |
| 5.12 | K |

6 Mister Dumezweni het die steenkoolwerf by Jabu se vrou gekoop.

7 Dumezweni weet ook Jabu was baie trots op sy huis in Soweto, want hulle het mekaar goed geken.

8 Cicelo vra of Mister Dumezweni hulle sal help om Lucas Luthuli in die tronk te kry.

9 Mister Dumezweni sê die neefs moet net genoeg bewyse kry, dan sal hy hulle help.

# Hoofstuk 3: Die Good Boys sjebien

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Die neefs kom by die Good Boys sjebien en die Super Spaza rondsnuffel om meer inligting te kry oor die vermeende moordenaar, Lucas Luthuli.
- Die sjebien se naam is ironies, want die mense wat hierheen kom, is allesbehalwe "good boys".
- Die illustrasie wys vir ons die sjebien is langs die spaza-winkel, en ook dat die skurk se Mercedes daar geparkeer staan. Ons raai dat die Mercedes aan Lucas behoort op grond van die naam op die nommerplaat.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in 'n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Cicelo wou vir Joseph vrugte tronk toe neem, en Benjamin wou vir hom 'n strokiesverhaal van *The Incredible Hulk* vat.

2 Hulle kon Joseph nie sien nie omdat hulle nie ID-dokumente het nie – hulle is te jonk.

3 “streng”.

4 Cicelo stel voor hulle moet na Lucas Luthuli se spaza-winkel toe gaan.

5 Benjamin weet waar die Super Spaza is, want dit is in die straat waar Gugu, sy meisie, woon.

6 Die rondsnuffel by die Super Spaza pas by die titel van die verhaal, want die neefs gedra hulle soos speurders en snuffel rond vir bewyse en leidrade.

7 Wanneer Oupa Ben sê mense is partykeer so slim dat hulle eintlik baie dom is, bedoel hy ’n mens dink dalk jy is slim genoeg en kan wegkom met moord, maar jy maak dom foute en sal uitgevang word.

8 Cicelo sien ’n blou geverfde perdekar wat dalk ’n leidraad kan wees.

9 Cicelo memoriseer die nommerplaat sodat hy die leidraad later kan opvolg.

10 Lucas straf die neefs deur hulle hoenders vir die winkel te laat slag.

11a Lucas Luthuli is ’n ryk man, want hy ry ’n blink wit Mercedes en het ’n persoonlike nommerplaat. Hy besit die spaza-winkel en die sjebien. Hy dra ook duur klere.

b Hy is gevaarlik, want hy dreig die neefs. Hy het mense wat vir hom werk wat onvettige goed doen, soos om die twee seuns te vang en na die winkel toe te dwing.

12 Die sin is onwaar. Cicelo het op Benjamin se rug gestaan om oor die muur te kyk.

13 Dit sou nie gehelp het as Cicelo vir Lucas ’n vals adres gegee het nie, want die skurk vergeet nie ’n gesig nie. Hy sou waarskynlik ook op ander maniere kon uitvind waar Cicelo bly.

## Hoofstuk 4: Lifa

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Lifa het saam met Buzwe-hulle by die steenkoolwerf gewerk. Hy het vir Lucas Luthuli gaan steenkool aflewer en nooit weer teruggekom nie.
- As die neefs meer oor Lifa kan uitvind, kan dit hulle help om bewyse teen die moordenaar te kry.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 a Buzwe se optrede wys hy is verbaas wanneer hy met sy vinger na sy bors wys.
  b Buzwe se taal wys hy is verbaas wanneer hy die woord "my" beklemtoon.

2 Die seuns gaan sit langs die (a) sinkhuisie en praat. Buzwe sit op ’n (b) paraffienblik en die twee neefs sit op ’n (c) ou karsitplek.

3 Cicelo en Benjamin wil met Buzwe praat oor Lifa.

4 Lifa het van die Transkei af Gauteng toe gekom na sy oom wat op die myn werk.

5 Tydens die gesprek luister Buzwe heeltyd sokker oor die radio.

6 Mister Dumezweni dink Lifa het met die perdekar weggeloop.

7 Buzwe weet vir seker Lifa is nie na sy oom toe nie, want sy oom het hom ook hier kom soek.

8 Buzwe dink die perdekar was blou en het ’n nommerplaat gehad.

9 a ’n Sin wat wys Buzwe was bly oor die vrugte: "Buzwe knik dankbaar en vat die sak."
  b Benjamin het ook vir Buzwe ’n strokiesprent gegee.

10 Cicelo is Maandag alleen skool toe, want Benjamin het siek gevoel.

11 ’n Sin waarmee een van Luthuli se manne vir Cicelo bang maak: “Jou lewe is niks in sy hande nie.” ’n Ander moontlikheid is: “Hy speel nie met kinders nie.”

12 Die neefs vertel vir Dumezweni daar staan ’n perdekar op Lucas Luthuli se erf.

13 Die metafoor wat wys dat Dumezweni begin belangstel in wat die seuns vir hom vertel: “Dumezweni se wenkbroue word vraagtekens.”

## Hoofstuk 5: Agter tralies

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Die illustrasie wys die binnekant van die tronk waar mense gevangenes agter tralies kan besoek en met hulle oor ’n telefoon gesels.
- Leerders se eie gedagtes oor die neefs se moontlike plan om Joseph in die tronk te besoek. Voorstel: Neem ’n volwassene saam, iemand met ’n ID-dokument.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en

daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 a Die man na wie Dumezweni verwys, is Lucas Luthuli.
  b Die grootste vraag wat hy moet antwoord, is wat van Lifa geword het.

2 Die metafoor wat die manne beskryf wat Lucas se vuilwerk vir hom doen: “Daardie twee is Luthuli se honde.”

3 “gawe man”.

4 Cicelo en Benjamin kan net smiddae en oor naweke speurwerk doen, want hulle is soggens in die skool.

5 Boniwe hou ook van Cicelo, want sy gee vir hom twee lekkers en glimlag vir hom. Sy roep hom ook van die oorkant van die straat af.

6 Cicelo en Dumezweni besoek Joseph die volgende dag (Dinsdag) om halfdrie.

7 “trek sy mond skeef”.

8 Joseph dink Lucas het vir Jabu doodgemaak, want hy het nooit teruggekom nie.

9 Lucas het vir die polisie vertel dat Joseph saam met Jabu by hom was. Volgens Lucas het hy elke keer vir Joseph vir die steenkool betaal, en Joseph het die geld gesteel en nie vir Jabu gegee nie. Volgens Lucas het Jabu vir Joseph geslaan toe hy dit hoor. Toe steek Joseph vir Jabu met ’n mes dood en hardloop weg.

10 Spokes en Ricardo het in daardie tyd saam met Joseph by die steenkoolwerf gewerk.

11 Joseph was hartseer toe hy gesê het Luthuli is ’n ryk man en hy (Joseph) is arm. Hy het geglo Cicelo-hulle sou hom nie kan help nie, want niemand glo ’n arm man nie. Hy was ook hartseer van blydskap toe Mister Dumezweni vir hom sê dat hulle hom uit die tronk sal kry.

12 Jabu was soos ’n pa vir sy werkers.

13 Dumezweni klap met sy tong om te wys hy kan dit nie glo nie en hy is jammer.

## Hoofstuk 6: Lucas Luthuli se geheim

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Lucas Luthuli is ’n gewetenlose ryk man. Hy het skurke wat vir hom werk en hulle behandel almal sleg. Hy is ’n moordenaar wat die skuld op iemand anders pak.
- Lucas steek weg wat werklik met Lifa gebeur het – en met Jabu.
- Laat leerders hulle eie menings lug oor of die neefs suksesvol gaan wees.
- Dumezweni en Cicelo staan agter op die bakkie.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan. Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Toe Cicelo by die steenkoolwerf kom, het Dumezweni reeds die polisie ontbied.

2 Cicelo lê ’n klag by die konstabels dat sy neef weg is. Dumezweni lê ’n klag van diefstal teen Lucas Luthuli (sy perdekar is gesteel).

3 Hulle vra verder die polisie moet weer kyk na die moord op Jabu Mabhongo.

4 a Lifa het twee jaar gelede verdwyn.
b Die leser weet dit, want die perdekar en perd is toe gesteel.

5 Dumezweni ken die registrasienommer en sy perdekar was ook blou geverf.

6 Dumezweni neem sy kamera saam, want hy wil foto’s neem en bewyse kry.

7 Lucas lag toe die konstabel meer wil uitvind oor die perdekar wat agter in sy erf staan, want hy weet hy is skuldig, en nou maak hy asof hy onskuldig is. Hy probeer dus sy skuld verbloem.

8 “omgekrap”.

9 Lucas skuld vir Dumezweni twee maande se geld.

10 Benjamin is al vir omtrent ’n week weg.

11a Buzwe wou aan die begin nie met die neefs praat nie.
b Nou gesels Buzwe gemaklik met Cicelo. Hy hardloop Cicelo tegemoet, en probeer hom troos. Die seuns is nou vriende.

## Hoofstuk 7: Die groot brand

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Cicelo het toiletpapier aan die brand gesteek en onder die deur gestoot om die polisie se aandag te trek.
- Miskien is Cicelo se plan nie so ’n goeie idee nie, want ’n groot brand kan gevaarlik wees.
- Die polisie is buite, so daar is wel ’n kans dat die neefs gered kan word as die polisie die brand betyds raaksien.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan.

Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 Cicelo sê hulle moet die bokse op mekaar stapel en dan die venster uitslaan. Die polisie sal hulle dan hoor as hulle skree.

2 Benjamin se ma is so bly om hom weer te sien dat sy sommer huil.

3 Wanneer Benjamin se ma vra waar hy was, antwoord hy: "Ons moes iets doen, Ma."

4 Mister Dumezweni is baie hartseer, want die polisie het sy perd se kop en sy geraamte opgegrawe. Hulle het ook 'n mens se bene gekry. Hulle weet die bene is Lifa s'n, en Mister Dumezweni voel baie hartseer oor Lifa se wrede dood.

5 a Oupa Ben se woorde oor mense wat dink hulle is slim, maar dan is hulle eintlik dom, het waar geword, want die polisie het vir Lucas Luthuli, wat gedink het hy is baie slim, vasgetrek. Lucas het die dom fout begaan om die perdekar oop en bloot op sy erf te laat staan. Hierdie dom fout het uiteindelik sy ondergang beteken.

b Die idiomatiese uitdrukking wat dieselfde beteken as Oupa Ben se woorde is: Slim vang sy baas.
c As jy jouself besig hou met verkeerde dinge, gaan die waarheid wel uitkom en jy sal boet daarvoor.

6 Dumezweni het geweet dit is vir seker Lifa wat die polisie opgegrawe het, want by die geraamte was ’n oorpak met Lifa se naam in die kraag geskryf.

7 Cicelo wil vir Oom Nelson gaan vra vir werk, want hy wil geld verdien om vir Boniwe fliek toe te vat.

8 a Lifa was nie Buzwe se regte broer nie.
b Hoewel Lifa en Buzwe nie familie was nie, was hulle lief vir mekaar soos broers is.
c Hierdie soort beeldspraak is ’n metafoor.

9 Die drie seuns vra of die neefs ook na Lifa se begrafnis toe gaan.

10 Lifa se begrafnis is die volgende dag.

## Hoofstuk 8: Rus sag, Jabu Mabhongo

**Pre-lees:** Lei leerders tydens die klasgesprek om by te dra tot sinvolle insette. Gebruik die volgende as riglyn.

- Bespreek leerders se eie gedagtes oor ’n gelukkige einde en wat van die spook gaan word.
- In die illustrasie gesels Cicelo met Boniwe.

**Tydens lees:** Lei leerders om die hoofstuk onafhanklik te lees. Vra hulle om die woordverklarings op elke bladsy te gebruik om nuwe woorde te verstaan en laat hulle ander woorde wat hulle nie ken nie in ’n woordeboek naslaan.

Moedig leerders aan om die teorie oor letterkundige aspekte van die novelle (in die afdeling oor boustene) toe te pas deur die kantaantekeninge te bestudeer nadat hulle die hoofstuk gelees het en om die vrae tydens post-lees te begin beantwoord. Dit is belangrik dat leerders eers self probeer en daarna kan hulle antwoorde geassesseer word deur die onderwyser, binne groepverband of deur selfassessering.

**Post-lees:** Gebruik die volgende moontlike antwoorde op die vrae om leerders se begrip van die novelle en die letterkundige aspekte te toets. Moedig leerders aan om ook hulle eie interpretasie te gee en dit uit die teks te motiveer.

1 a Oom Nelson kla dat hy oud word en nie meer by alles kan uikom nie.
  b Cicelo sê hy en Benjamin kan die werk vir die oom doen. Hy sê hulle sal die aflewerings gaan doen.
  c Oom Nelson sê Benjamin kan die hout aflewer en Cicelo kan in die winkel help.

2 Cicelo wil Boniwe fliek toe vat met die geld wat hy verdien.

3 Benjamin wil spaar vir ’n selfoon met die geld wat hy verdien.

4 Benjamin se pa werk op die myn.

5 Die neefs kon nie na Lifa se begrafnis toe gaan nie, want een van Lucas Luthuli se manne het vir Cicelo geskiet.

6 Ouma Beauty slaan haar hand voor haar mond.

7 Oupa Ben neem Cicelo hospitaal toe om die wond te laat versorg en daarna gaan hulle polisiestasie toe om 'n saak te maak.

8 Cicelo skrik nie weer toe iemand die nag by sy voetenent sit nie, want hy weet dit is Jabu en Jabu kan nou rus.

9 Die sin waarin Jabu vir Cicelo bedank: "Cicelo, jy het vandag amper jou lewe verloor om my vry te maak."

10 Ons weet dat Cicelo se been nog nie heeltemal herstel het nie, want hoewel hy beter is en na Oom Nelson se spaza-winkel kan loop, loop hy nog steeds mank.

11 Oom Nelson is baie bly om die neefs weer te sien, want hy het daardie dag baie aflewerings.

12 Boniwe is verbaas wanneer Cicelo haar vra om saam met hom te gaan fliek, want sy het gedink hy het nie geld daarvoor nie.

13 Cicelo knipoog vir Benjamin, want hulle twee weet wat gebeur het en hulle ouma weet nie.

14 Karakter en emosie:
- 14.1 B
- 14.2 D
- 14.3 C
- 14.4 A
- 14.5 E

15 Leerders se eie opsommings oor die verskillende ruimtes in die verhaal en die karakters wat in daardie ruimtes voorkom.

## Assesseringsriglyne vir kontekstuele vrae

Behandel die volgende **instruksies** en **wenke** vooraf met leerders. Maak seker dat hulle dit verstaan en kan toepas by die beantwoording van kontekstuele vrae.

- Skryf duidelik en leesbaar.
- Skenk aandag aan taal- en spelfoute en antwoord in goeie Afrikaans.
- Beantwoord AL die vrae.
- Los ’n reël oop tussen elke antwoord.

### Voorgestelde antwoorde vir Formele assessering

Die antwoorde hieronder dien as riglyn vir die kontekstuele vrae in die Formele assessering. Laat altyd ruimte vir leerders se eie interpretasie toe, mits dit uit die teks gemotiveer is.

1 Die verteller in die verhaal is ’n alomteenwoordige of derdepersoonsverteller. (1)

2 a Ouma Beauty het ’n nuwe gastehuis. (1)
b Die verhaal speel in Soweto af. (1)
c Cicelo en Benjamin het vir Ouma Beauty gehelp om die gastehuis te verf. (1)
d Oupa Ben kyk na die sokkerwedstryd tussen Orlando Pirates en Moroka Swallows op TV. (1)
e Ouma Beauty sit voor die televisie en hekel. (1)
f B. (Cicelo en Benjamin is Ouma Beauty se kleinseuns.)(1)

3 a Cicelo vertel vir Benjamin van Jabu Mabhongo se spook. (1)
b As die neefs die ou man nie help nie, sal hy in die huis spook totdat die regte moordenaar gevang is. (1)

c Die spook het ’n steenkoolwerf in Soweto gehad. Hy is vyf jaar gelede doodgemaak. Die verkeerde man sit vir sy moord in die tronk. Die werklike moordenaar is Lucas Luthuli. (3)

d Aan die einde van die verhaal kry die spook rus vir sy siel, want sy regte moordenaar is gevang. (2)

4 a “Nee, ek wil vir Boniwe fliek toe vat.” Cicelo.

b “Oupa Ben sê partykeer is mense só slim dat hulle eintlik baie dom is.” Cicelo.

c “Julle wou steel!” Lucas Luthuli.

d “Niemand het my daai tyd geglo nie. Hoekom sal julle nou?” Joseph Nkomo.

e “Ja, ek wil ’n klag lê teen Lucas Luthuli van die Good Boys sjebien.” Dumezweni.

f “Ons eerste gaste kom volgende week.” Ouma Beauty.

g “Hulk, die sterk man. Ek weet van hom.” Buzwe. (7)

5a Cicelo hou van Boniwe. (1)

b Benjamin hou van Gugu. (1)








6 Karakter en ruimte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6.1 | C | 6.2 | A | |
| 6.3 | D | 6.4 | B | |
| 6.5 | B | 6.6 | C | |
| 6.7 | D | 6.8 | A | |
| 6.9 | B | 6.10 | C | (5) |

7 Die boodskap van hierdie verhaal is dat ’n mens nie moet probeer om ’n leuen te vertel of om ’n verkeerde daad weg te steek nie. Die waarheid kom altyd uit. (2)

**[Groottotaal: 30 punte]**

## Antwoordgidse vir die volgende novelles is beskikbaar:

| | Graad 7 | Graad 8 | Graad 9 |
|---|---|---|---|
| Afrikaans Huistaal: |  |  |  |
| Afrikaans Eerste Addisionele Taal: |  |  |  |
| Engels Huistaal: |  |  |  |
| Engels Eerste Addisionele Taal: |  |  |  |
| isiXhosa Huistaal: |  |  |  |

ISBN 978 0 199 04433 7

OXFORD
UNIVERSITY PRESS

www.oxford.co.za

PROUD SHAREHOLDER
THE MANDELA RHODES FOUNDATION

SOUTHERN AFRICA